INLIGTING DOKUMENT

Sing in Harmonie is die eerste skole koor kompetisie wat vir Hoër- en Laerskool kore die geleentheid bied om hulle deel in R496 000 in pryse los te slaan en in die proses op nasionale televisie te verskyn.

Koorsang is die een aktiwiteit wat nie seisonaal gekenmerk word nie, daarom is leerder regdeur die jaar pligsgetrou.

Tydens reeks 1 wat in 2014 op kykNET NOU uitgesaai is, kon slegs laerskool kore deelneem, daar was 24 inskrywings gedurende 2014, 52 gedurende 2015 en vanjaar 96. Met hierdie groei syfer is die behoefte van hierdie tipe blootstelling bevestig en het kykNET NOU besluit om Hoërskool kore vanaf 2017 die geleentheid te gee.

Na die sukses van Sing in Harmonie Hoërskole, is daar besluit om weer in 2018 hierdie kategorie te ondersteun.

Nasionaal is daar dus vanaf 2017 3 kategorieë wat junior kore (gr. 1 – 3), senior kore (gr. 4 – 7) en hoërskool kore (gr. 8 – 12) insluit. Met mediadekking deur programme soos Jukebox, Jam, Bravo, Expresso en Media 24 is dit verseker ‘n reuse bemarkings geleentheid vir elke skool.

As beloning bied hierdie kompetisie in elke kategorie R10 000 in kontant, ‘n 10 snit cd opname ter waarde van R20 000, ‘n musiekvideo ter waarde van R25 000 en die druk van die eerste 100 cd’s vir elke kategorie kampioen.

Daar is tans vir die laerskool kore ‘n Suid-Streke en Noord-Streke reeks, maar slegs in 2018 vir die Noord-Streke ‘n Hoërskool afdeling.

Hoe werk dit?

Elke ingeskrewe skool moet 2 liedere voorberei vir die kompetisie. Een moet 'n Christelike lied wees en een kan 'n kommersiële/kontemporêre lied wees. Elke skool moet minstens een lied in Afrikaans sing.

'n Verteenwoordiger van die produksie-huis sal vooraf 'n datum en tyd vasmaak met die skool vir die opname van hulle insetsel wat gedurende skool-ure geskied, hierdie opname sal nie langer as 90 minute neem nie.

Gedurende hierdie opname sal daar 'n onderhoud met die dirigent sowel as 'n paar leerders in die koor gedoen word, hierdie is basies om julle koor en leerders voor te stel aan die kykers. Ons neem ook dan ‘n oefensessie af deur die koor. Die skoolhoof is ook welkom om ons meer oor die skool te vertel.

In Mei 2018 vind die episode opname plaas waar drie tot ses ingeskrewe skole se kore sal optree gedurende die aand by die glans-geleentheid in hulle Gauteng. By hierdie geleentheid word die ouers en vriende van die koor

genooi om die opname by te woon as deel van die gehoor, elke koor se video-insetsel (wat by die skool verfilm is) sal vertoon word op die grootskerm, en elke koor sing sy liedere voor die paneel van beoordelaars. Aan die einde van die aand word die wenkoor bekend gemaak, wat dan sal deurdring na die finale rondte van die televisie reeks. Die gemeenskap betaal ‘n toegangsfooi van R120 per kaartjie om die opname by te woon, hierdie beloof om ‘n onvergeetlike aand te wees. **Dit is verpligtend dat elke ingeskrewe skool minstens 70 kaartjies neem vir die geleentheid sodat die ondersteuning in die gehoor eweredig versprei is.** Skole word verantwoordelik gehou vir die betaal van hierdie kaartjies hetsy die sitplek volgemaak word of nie.

Die beoordelaars kry 4 keer die kans om ‘n koor te “RED,” hulle hoef egter nie hierdie 4 kanse te gebruik nie, hierdie gebeur wanneer die standaard van die episode hoog is en hulle voel nog ‘n koor verdien ‘n kans in die finaal.

Gedurende elke episode sal daar drie tot ses kore se insetsels op tv uitgesaai word wat daardie week besoek was.

Die verskillende kore dring dan deur na die finale en tree op tydens hierdie glans geleentheid wat plaasvind in Johannesburg voor ‘n gehoor van bykans 4000. By hierdie finaal word kategorie pryse toegeken en ook die algehele kampioen.

Inskrywings inligting

Skool kore moet vanaf 2 Mei 2018 (2de kwartaal) gereed wees vir die opname van hulle insetsel en optrede by die episode opname voor die beoordelaars. Ons stuur ‘n voorgestelde datum deur sodra die inskrywings gesluit het. Kore kan dan besluit of die datum vir hulle geskik is en of hulle wil uitruil met ‘n ander skool.

'n Inskrywingsfooi van R1500 per skool koor is vooraf betaalbaar om hulle inskrywing te bevestig. Inskrywings vir 2018 sluit Donderdag 29 September 2017 en moet per epos ingehandig word by rensche@absproductions.co.za. Daar is ‘n beperking op die aantal inskrywings weens lugtyd spasie toegeken.

Alle insetsel opnames sal in die skoolsaal van die ingeskrewe skool plaasvind, die tyd en datum sal vooraf bevestig word.

Koorlede moet verkieslik in skool/koordrag wees wanneer die insetsels opgeneem word. Die produksiespan sal 'n uur voor die geskeduleerde opname-tyd arriveer om klank en beligting toerusting op te stel.

Minstens een lied moet in Afrikaans gesing word en een lied moet Christelik wees. Een lied kan byvoorbeeld Afrikaans en Christelik wees wat beweegruimte gee vir die 2de lied.

Ouers, vriende en familie van koorlede is welkom om die episode opname by te woon, kaartjies sal te koop wees. **Dit is verpligtend dat elke koor minstens 70 kaartjies verkoop vir die geleentheid en sal verantwoordelik wees vir die betaal hiervan. Kore wat deurdring na die finaal word ook verplig om minstens 70 kaartjies te verkoop.**

Inskrywingsfooi is nie terugbetaalbaar nie.

Pryse:

Die musiekvideo opname moet in Gauteng, Vrystaat, Noordwes, Mpumalanga, Kwazulu-Natal of Limpopo geskied, verkieslik in die area van die wenkoor.

Die cd opname vind plaas by die wenskool self, daarom sal dit nie nodig wees vir skole om busse te huur om leerders te vervoer nie. Die omslag en drukwerk word ingesluit by die prys en 100 kopieë hiervan sal by die skool afgelewer word.

Die kontant-prys word een werksdag na die aankondiging van die wenkoor elektronies aan die wenskool oorbetaal.

PRYSE UITEENSETTING: SING IN HARMONIE NOORD-STREKE REEKS

Junior kore kategorie: R10 000 in kontant, ‘n 10 snit cd opname ter waarde van R20 000, ‘n musiekvideo opname ter waarde van R25 000 en die druk van 100 cd’s ter waarde van R2500.

Senior kore kategorie INFORMELE afdeling: R10 000 in kontant, ‘n 10 snit cd opname ter waarde van R20 000, ‘n musiekvideo opname ter waarde van R25 000 en die druk van 100 cd’s ter waarde van R2500.

Senior kore kategorie FORMELE afdeling: R10 000 in kontant, ‘n 10 snit cd opname ter waarde van R20 000, ‘n musiekvideo opname ter waarde van R25 000 en die druk van 100 cd’s ter waarde van R2500.

Hoërskool kore afdeling: R10 000 in kontant, ‘n 10 snit cd opname ter waarde van R20 000, ‘n musiekvideo opname ter waarde van R25 000 en die druk van 100 cd’s ter waarde van R2500.

Kykers keuse junior kore, senior kore formeel, senior kore informeel en hoërskool kore kategorie: ‘n 10 Snit cd opname ter waarde van R20 000 (elke kategorie het ‘n kykers keuse kampioen)

Sing in Harmonie

waar verskillende klanke een word

Die inbetalingsvorm moet ons voor of op 29 September 2017 bereik.
Faks die volledig ingevulde vorm terug na 0865904444 of epos na rensche@absproductions.co.za
Besoek ook gerus ons webtuiste by www.absproduksies.com ***of die Facebook blad.***

Naam van skool: _____
Naam van skakelpersoon: _____
Telefoonnommer van skakelpersoon: _____

Bedrag betaal: R _____ **Datum inbetaal:** _____

ONTHOU:
Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **29 September 2017.**
Inskrywingsgeld: **R1500 per skool koor**

Betaal asseblief die inskrywingsgeld in die volgende ABS Promosies-rekening:
Nedbank
Rekeningnaam: Abs Promosies BK
Rekeningnommer: 1119763266 Tak: Woodlands Mall
Tipe rekening: Tjekrekening

Verwysing: **Harmonie** EN **Skool se naam** (bv. Harmonie HS Centurion)

Faks of e-pos asseblief die inskrywingsvorm en ’n afskrif van die bewys van betaling aan Rensche by 086 590 4444 of rensche@absproductions.co.za

Hiermee verklaar ek, _____, (Skoolhoof: Titel, voorletters en van in **DRUKSKRIF** asb.) dat ons kore en skool ons neerlê by die reëls (te sien by www.absproduksies.com) van Sing in Harmonie 2018 en dat al die koorlede tans leerders van hierdie skool is.

_____ _____
HANDTEKENING VAN SKOOLHOOF Datum
HEG ASSEBLIEF, VOORDAT U HIERDIE DOKUMENT FAKS OF E-POS, ’N KOPIE VAN DIE BEWYS VAN BETALING AAN.

(Vul ook asseblief die volgende bladsy in.)

Sing in Harmonie

waar verskillende klanke een word

Naam van skool: _____

Provinsie: _____

Telefoonnommer: _____

Faksnommer: _____

E-posadres: _____

Koorleier se titel, noemnaam en van: _____

Telefoonnommer (H): _____

Selfoonnommer: _____

Begeleier se titel, noemnaam en van: _____

Telefoonnommer (H): _____

Selfoonnommer: _____

Organiseerder se titel, noemnaam en van: _____

Telefoonnommer (H): _____

Selfoonnommer: _____

Getal koorlede: _____

Hiermee verklaar ek, _____, die koorleier van _____ dat daar geen kopieregskending gepleeg is met betrekking tot die bladmusiek wat die skoolkoor tydens Sing in Harmonie 2018 sing nie.